Op soek na 'n toereikende genreteorie

Leon Strydom

Opsomming

In dié navorsingsplan word die gebrek aan spesialisasie in genologiese ondersoek aan ontoereikende sistematisering gewyt. Dit is die voorneme om die probleem interdissiplinêr te benader, naamlik, in terme van die strukturalisme, die semiotiek en die kognitiewe teorie. Ten einde 'n model te kan ontwikkel wat die objektiewe identifikasie en verklaring van generiese aanwesigheid in literêre kommunikasie verseker, lyk dit essensieel om eers onderskeid te tref tussen godsdiens, kuns en wetenskap as episteme, en dan die onderskeidende reëls en strategieë van poëtiese, narratiewe en dramatiese kommunikasie eksplisiet te maak.

Summary

In this research plan the absence of specialisation in genological investigation is attributed to inadequate systematisation. The problem will be approached interdisciplinary, that is, in terms of structuralism, semiotics and cognitive theory. In order to develop a model which guarantees the objective identification and explanation of generic presence in literary communication, it seems essential to start by distinguishing between religion, art and science as epistemes, and only then to explicate the distinctive rules and strategies of poetic, narrative and dramatic communication.

Wat volg, behels navorsingsbeplanning eerder as navorsingsresultate, en hou derhalwe moontlikhede voor eerder as feite. Wetenskaplike beplanning (soos finansiële begroting) is naamlik toekomsgerig en behels as sodanig allereers sistematisering of teoretisering, dit wil sê, 'n logiese korrelasie van veronderstellings. Om so wetenskaplik produktief moontlik te kan wees in die praktyk, t.w. maksimaal identifiserend, maksimaal verklarend, vereis dié oefening weer 'n optimalisering van die aard en funksie van relevante verbande. Byvoorbeeld, eerder as om te vra: wat is kuns? word die vraag gestel: onder watter voorwaardes is kuns maksimaal informatief?

Indien 'n mens aanvaar dat die wetenskap teoretieserwys die potensiaal het om te funksioneer as 'n kognisiesisteem wat die logiese standaardisasie van probleemoplossing bewerkstellig en as sodanig die potensiaal het om kennis te genereer en probleme op te los op 'n onderskeidende manier, dan moet jy onder meer ook aanvaar:

- ten eerste, dat daar universiteite is omdat daar wetenskap is, met ander woorde, dat die kontinuering van die wetenskapsproses die hoofsaak is van 'n universiteit en dat die funksionele hiërargie van kampusaktiwiteite bepaal word deur die mate waarin hulle dié onderskeidende funksie ondersteun;

- ten tweede, dat die uitsluitlik rasionele basis van die wetenskaplike sisteem enersyds 'n voorwaarde is vir die kontinuering van die wetenskapsproses en dus vir die standaardisasie van kennis, en andersyds meebring dat finale antwoorde en absolute waarhede die wetenskap nie beskore is nie, omdat wetenskaplike kennis - synde rasioneel en objektief, eksplisiet en falsifieerbaar, getoets en toetsbaar ter wille van die groots moontlike produktiwiteit - in beginsel teoriegebonde en dus betreklik is, dit wil sê, geldig slegs in terme van die spesifieke begripskader wat daardie kennis genereer (akademiese vryheid, sou mens kan sê, is juis die vryheid om die konsekwensies van enige teoretiese veronderstelling te gaan vasstel);

- ten derde, dat die wetenskaplike navorsingsproses derhalwe nie bloot die versameling van inligting behels nie, maar moet ontwikkel as 'n argument wat begin met die (wetenskaplike) identifikasie van 'n probleem en gevolg word, eerstens, deur 'n hipotetiese oplossing van die probleem en, tweedens, deur die empiriese toetsing van daardie tentatiewe oplossing: 'n proses wat in beginsel eindeloos is, maar waarvan die wetenskaplike produktiwiteit te eniger tyd wel meetbaar is in die praktyk op basis van die mate van koherensie (logiese konsekwentheid), korrespondensie (ooreenkoms met die empiriese feite, ook interkultureel/internasionaal ter wille van groter geldigheid) en konsensus (ooreenkoms met die onafhanklike persepsies van ander wetenskaplikes, ook interdissiplinêr ter wille van groter geldigheid) waarvan die argumentasie getuig, én in terme van die onderskeidende identifikasie en die voorspelbare verklaring wat bemoontlik word of nie deur die gestandaardiseerde kennis.

Danksy bogenoemde voorskrifte val dit reeds by 'n eerste verkenning van die genre-domein op wat dit is wat literatuurwetenskaplike produktiwiteit aan bande lê. Eerstens word die objektiewe identifikasie van poëtiese, narratiewe of dramatiese aanwesigheid nie verseker deur die huidige stand van genre-ondersoek nie. Intersubjektiewe konsensus oor die onderskeidende kenmerke van 'n genre is daar nie. Wat vir A kenmerkend is van die narratiewe genre, word ewe nadruklik deur B uitgewys as aktiveerder van betekenis in 'n gedigteks. Wat vir die een tekenend is van 'n bepaalde genre, is vir 'n ander literêr onderskeidend. 'n Bydraende faktor is ook dat termi-

nologie wat in dié verband gebruik word dikwels die produk is van "common sense" en nie van sistematisering nie. Tweedens word die wanindruk gewek dat die genreteorie slegs 'n taksonomie, 'n klassifikasie-ensiklopedie is, want die verklaringspotensiaal daarvan - indien enige - is meesal minimaal. Die rede hiervoor is ontoereikende sistematisering, met ander woorde, die argument versuim om genoeg kousale verbande te lê. Ondersoekers is byvoorbeeld geneig om genre te reduseer tot net een komponent van literêre kommunikasie (byvoorbeeld tot teks ten koste van leser, of omgekeerd), of hulle probeer om een genre te karakteriseer sonder verwysing na 'n ander, of hulle buit nie 'n begripskader se verklaringspotensiaal konsekwent uit nie, of hulle beperk hulle in hul argumentasie tot een denkwyse in plaas daarvan om die probleem interdissiplinêr te benader.

In die lig van die voorafgaande verwag ek van my navorsing om 'n wetenskaplike model te ontwikkel wat die objektiewe identifikasie en verklaring van generiese aanwesigheid in literêre kommunikasie moontlik maak. En ek verwag dat daardie model ontwikkel moet word deur interdissiplinêre argumentasie wat ten minste die volgende drie begripskaders se analitiese potensiaal benut: die strukturalisme, want om literêr te organiseer, te struktureer, is teoreties gesproke om op 'n onderskeidende manier kennis te skep; die semiotiek, want genrekenmerke behels kennelik tekens waaraan betekenis toegeken word danksy bekendheid met die sisteem in terme waarvan daardie tekens funksioneer; en die kognitiewe benadering wat literêre teksprosessering analiseer as 'n kognitiewe aktiwiteit en veronderstel dat literêrheid bepaal word deur beide kognitiewe en tekstuele faktore, deur faktore wat sogenaamd lei tot "top-down" prosessering van die teks én deur faktore wat sogenaamd "bottom-up" funksioneer tydens literêre kennisname.

Ter wille van toereikender sistematisering betrek ek die volgende teoretiese uitgangspunte in die argumentasie:

- Ek aanvaar dat die manifestasie van literatuur van oudsher af in die trits van poësie, narratief en drama nie toevallig is nie, en ek verwag van my ondersoek om dit te probeer verklaar. Klaarblyklik verteenwoordig elk van dié drie 'n onderskeidende en onvervangbare modus van literêre kennisname.

- Ek aanvaar dat ervaring kultureel kreatief is in soverre dit die vermoë vergestalt om betekenis te skep. En in dié verband verwag ek van my navorsing om die bydraes te ekspliseer van respektiewelik wetenskap, godsdiens en kuns as kognisiesisteme, probleemoplossingsisteme (of episteme - 'n konsep wat Foucault in 'n ander verband gebruik, maar wat ek meen wetenskaplik meer produktief kan wees as ahistoriese konsep -

dit wil sê, konstellasies van verbande wat funksioneer as raamwerke vir spesifieke soorte kennis, as voorwaardes vir die maak van sekere reekse stellings en nie van ander nie) wat die mens deur die eeue ontwikkel het om sy leefwêreld te kan orden en te kan verstaan. Oënskynlik streef elke kognisiesisteem daarna om daardie leefwêreld volledig te verreken, maar die blote feit dat dit nodig was om verskillende episteme te ontwikkel, gee te kenne dat nie een van hulle op sigself toereikend is nie. Met ander woorde, elkeen van dié sisteme is essensieel; elke episteem, so kom dit voor, het die potensiaal om op 'n onderskeidende manier - met behulp van verskillende strategieë dus - nuwe kennis te skep en probleme op te los, en sodoende die ander te komplementeer. Nietemin, om dus bloot te konstateer dat wetenskap, godsdiens en kuns prominente kennisdomeine in die samelewing is, is wetenskaplik gesproke weinigseggend in terme van dié benadering; dit verklaar niks. Die wetenskapsisteem is kennelik objektief. Dit het die potensiaal om die self te reduseer tot gestandaardiseerde logika; op grond van die rasionaliteit en by wyse van toetsbare argumentasie skep dit kennis van kousaliteit en verklaar dit die mens se leefwêreld (*ek dink, ek argumenteer om te kan verstaan*). As sodanig, kom dit voor, word (optimale) wetenskaplike kennisname georganiseer deur die "indien ... dan" kondisionele uitspraak. Die kunssisteem is kennelik subjektief. Dit het die potensiaal om die self te universaliseer, kosmies verwant, analoog aan alle bestaan; op grond van die verbeelding en by wyse van implisiete kommunikasie, bewerkstellig deur die verbeelding se assosiasies, skep dit kennis van herkenning en verklaar dit die mens se leefwêreld (*ek verbeel my om te kan verstaan*). As sodanig, kom dit voor, word (optimale) estetiese kennisname georganiseer deur die binoom, parallelisme dus. Die godsdienssisteem is kennelik mistiek. Dit het die potensiaal om die self te vervang met heiligheid; gefundeer in die geloof en by wyse van openbaring, epifanie, skep dit kennis van verlossing en verklaar dit die mens se leefwêreld (*credo ut intelligam*: ek glo om te kan verstaan). As sodanig, kom dit voor, word (optimale) religieuse kennisname georganiseer deur die paradoks.

- Ek aanvaar dat literêre teksprosessering 'n onderskeidende aktualisering van die estetiese kognisiesisteem behels. My navorsing behoort dit te bewys. In die proses behoort dit ook uit te spel wat die informasiepotensiaal van generiese organisasie is, dit wil sê, wat die logiese moontlikhede daarvan vir maksimale informatiwiteit behels. Klaarblyklik neem die neiging tot optimale informatiwiteit, kenmerkend van die kultureel produktiewe verbeelding, in die kuns en in die literatuur vorm aan by wyse van implisiete kommunikasie as produk van kognitiewe en tekstuele inisia-

tiewe, dus van ("top down") voorhande kennis geaktiveer deur ("bottom-up) organisasiestrategieë waarin die assosiasiebeginsel van die verbeelding, naamlik, parallelisme, hom manifesteer, en wat as sodanig teksprosessering modelleer. En as aanvaar word dat tematisering, dit wil sê, die funksionele semantisering van organisasiereëls en -strategieë, 'n voorwaarde is vir maksimale informatiwiteit by wyse van implisiete kommunikasie (vergelyk in dié verband konsepte soos polisemie, Jakobson se "focus on the message for its own sake", ikonisiteit, self-aktualiserende kommunikasie, polivalensie, literêre teksprosessering as die skep van kennis eerder as die weergee en oordra van kennis), dan kan daaruit afgelei word dat die medium van elke kuns (taal, marmer, olieverf, ens.), as strategiese potensiaal, onderskeidende teksprosessering kan bewerkstellig, en dus 'n aktualisering van estetiese kognisie wat eweneens onderskeidend en onvervangbaar is. Die literatuur - en dus ook die literêre genre - se kognisie-potensiaal, die vermoë dus om op 'n onderskeidende manier te identifiseer en te verklaar, is relatief tot daardie strategieë wat literêr - en dus ook generies - funksioneer. Maksimale informatiwiteit veronderstel onvervangbare strategieë. Dit bring mee dat in literêre kommunikasie - waar die kulturele neiging tot maksimale organisasie en inligtingsversadiging gemanifesteer word, nie in die uitwissing van taal nie, maar in die sekondêre modelsisteem (literatuur) wat die primêre modelsisteem (moedertaal) opgelê word - genrereëls afgelei behoort te word uit die kognitiewe moontlikhede van die parallelismebeginsel se superponering op beide die paradigmatiese en die sintagmatiese as, en dat strategieë wat dié genrereëls tekstueel vergestalt, verklaarbaar behoort te wees in terme van òf paradigmatiese parallelisme (ooreenkoms), òf sintagmatiese parallelisme (kontiguïteit).

- Ek aanvaar dat die literatuur-konsep, net soos dié van genre, slaan op 'n sisteem en nie op 'n teks nie, dit wil sê, op die onveranderlike wat die teks organiseer en funksioneer as ontsyferingskode, en sodoende 'n beduidende bydrae lewer tot die teks se betekenis, maar wat die teks as veranderlike en as spesifieke manifestasie van die sisteem nie kan vervang nie. Gevolglik moet die literatuur- en genrekonsepte in my ondersoek geformuleer word, nie as waarnemingsresultate nie, maar as eksklusiewe, teoretiese konstrukte wat hul sistematiese karakter behou wanneer hulle gekonfronteer word met tekste, en as sodanig met voorspelbaarheid as hul primêre eienskap.

- Indien 'n mens aanvaar dat kuns - ook literatuur dus - nie die ander kognisiesisteme wat die mens ontwikkel het, vervang nie, maar dit kom-

plementeer om sodoende die mens se vermoë uit te brei om ervaring te kenskets en te verklaar, dan moet jy ook aanvaar dat een genresisteem as 'n onderskeidende modus van literêre kennisname die ander tydens teksprosessering op soortgelyke wyse kan komplementeer ter wille van die uitbreiding van die literatuur se informasiepotensiaal. Die informasiepotensiaal, aldus die kubernetika, is eweredig met die getal sistemiese alternatiewe; hoe meer keuses die ontvanger tot sy beskikking het, hoe groter is die inligtingspotensiaal. Gevolglik kom dit voor of optimale informatiwiteit by wyse van generiese organisasie slegs moontlik is, enersyds, indien generiese organisasie beantwoord aan die voorwaarde gestel deur die epistemiese literatuur-konsep, naamlik die tematisering van organisasiereëls en -strategieë, en andersyds, indien daardie implisietheid van literêre kommunikasie, onder andere, bewerkstellig word deur verskillende genresisteme wat mekaar deoutomatiseer en komplementeer, want die informasiepotensiaal van literêre teksprosessering is ook eweredig met die getal genresisteme wat geïntegreer word.

Ten slotte noem ek die onderskeidende reëls van die drie genresisteme, soos dit my voorkom, tesame met enkele vanselfsprekende teksstrategieë in terme waarvan generiese manifestasie (en dus ook wetenskaplike identifikasie) na verwagting sou kan plaasvind.

Funksie van die poësiesisteem is om vir die leser 'n bewussynstoestand te identifiseer deur die tematisering van strategieë van ooreenkoms. Gekondisioneer deur die epistemiese literatuur-konsep se tematiseringsbeginsel kom dit neer op implisiete kommunikasie, herkenning deur die leser self, die uitsluit van afstand en heterogeniteit uit kommunikasie, dit wil sê, op die identifikasie *van* die leser *met* 'n bewussynstoestand. Voorspelbaar is dat die struktuurbeginsel herhaling sal wees, dat leestyd volkome gewy sal word aan 'n bestaansmoment, 'n durende geestesgesteldheid, dat die diskoers monologies sal plaasvind in die eerstepersoon enkelvoud en in die onvoltooid teenwoordige tyd, dat die emotiewe (ekspressiewe) funksie van taal prominent sal wees, en dat die toestand van belewing nie gekontekstualiseer of verduidelik sal word nie, met ander woorde, nie in historiese of logiese terme verreken sal word nie.

Funksie van die narratiewe sisteem is om aan die leser die kognitiewe funksie van geskiedenis, dit wil sê, van die tyd-ruimte-kontinuum, te demonstreer deur die tematisering van strategieë van verandering. Omdat dit impliseer dat geskiedenis oorsigtelik en sinvol is, en as sodanig 'n perspektief wat omvattend en empiries is, is dit voorspelbaar dat die struktuurbeginsel historiese kousaliteit (sekwensiële kontiguïteit, aksie en reaksie, oorsaak en gevolg) sal wees, dat leestyd gewy sal word aan 'n gebeurtenis

(of gebeurtenisse) en aan die verslag doen daarvan, en dat 'n verteller sal bemiddel tussen die leser en 'n waargenome gebeurtenis (of gebeurtenisse) waarna verwys word in die verlede tyd en in die derdepersoon. Representasies van tyd en ruimte - danksy die referensiële funksie van taal - sal die gebeurtenis (of gebeurtenisse) verklaar en sodoende geloofwaardigheid verleen aan die demonstrasie. Vanselfsprekend is dat die tematisering van narratiewe strategieë sal meebring dat die demonstrasie implisiet word, dit wil sê, geaktualiseer deur die leser.

Funksie van die dramasisteem is om die leser te konfronteer met alternatiewe keusemoontlikhede deur die tematisering van strategieë van kontras. Omdat dit uiteenlopende maar gelykwaardige standpunte impliseer, asook die afwesigheid van 'n bemiddelaar, is dit voorspelbaar dat die organisasieprinsipe logiese kousaliteit (konsekwensiële kontiguïteit, veronderstelling en gevolgtrekking) sal wees. Dié prinsipe sal gemanifesteer word, enersyds, in dialoog - met ander woorde, in diskoers wat fokus op die tweedepersoon en die konatiewe funksie van taal behels - wat die produksie en resepsie van teks sinchroniseer, en andersyds, in afwagting van die leser se keuse, in 'n appèl op die toekoms. Vanweë die prinsipe van logiese kousaliteit mag die leser 'n standpunt goedkeur of afkeur, maar hom nie daarmee vereenselwig nie, en die motivering van alle perspektiewe sal plaasvind uitsluitlik in logiese terme. Ooreenkomstig die ander twee genres kan egter verwag word dat die optimale organisasie van dramatiese kommunikasie ter wille van die maksimale informasiepotensiaal daartoe sal lei dat ook die konfrontasie van die leser met alternatiewe keusemoontlikhede implisiet sal geskied.

Ek verwag van my navorsing om dié reëls en strategieë te beredeneer en te toets, logies en empiries. Die produktiwiteit van die model sal toeneem namate meer strategieë generies geklassifiseer word danksy eksplikasie van die logiese verband tussen genrereël en teksstrategie. Indien die model uiteindelik wel die objektiewe identifikasie en verklaring verseker van generiese aanwesigheid tydens teksprosessering, sal dit ook kan help om die veranderlike genrevoorkeure in die literatuurgeskiedenis te verklaar. Deur die logiese moontlikhede vir maksimum generiese informatiwiteit eksplisiet te maak, sal dit die ondersoeker in staat stel om te bepaal watter van dié moontlikhede (allengs) in die empiriese werklikheid van 'n spesifieke periode of oeuvre of genretipe gerealiseer word, en hom of haar lei om dergelike historiese tendense te verduidelik in terme van die potensiaal van die verskillende episteme om mekaar te komplementeer in die kulturele verryking van die mens.